LIZZ LOER IN BY LAURIKA RAUCH –RAPPORT TYDSKRIF 2004

Sy vier vanjaar 25 jare in die musiekbedryf met die vrystelling van 'n dvd "KOM LAAT ONS SING-'N MUSIKALE REIS VAN LAURIKA RAUCH – 'n Dokumentêr", haar jongste album "MY OU TANTE KOBA" sowel as "DIE NUWE TREFFERALBUM " ('n opvolg van 19 TREFFERS VAN 21 JAAR) wat einde September vrygestel word. Sy is binnekort te sien by Aardklop Kunstefees in "Naderby " en "Droomstoel ".

Ikoon, nasionale instelling, volksbesit – keer op keer duik die beskrywings op as die naam Laurika Rauch genoem word. Maar diè monumentale toevoegings vertolk nie die volle prentjie nie – die warm, sensuele vrou wat voor my sit is terselftetyd sterk en weerloos, ernstig en vol fynspot ,gesoute in haar eie musiekstyl en tog baanbreker vernuwend. Hoe vang 'n mens dan die volle Laurika vas ? Dalk is haar onbewustelike misterie juis haar bekoring ...

LM : 25 SUKSESVOLLE JARE IN 'N BAIE WISSELVALLIGE BEDRYF – HOE KRY JY DIT REG ?

LR : Eerlikheid in my musiek,eerlikheid van die mense wat ek om my skaar , en veral eerlikheid met myself . Ook harde, harde werk. Ek ontvang van die gehoor, dis 'n gesprek wat ek met hulle het. My begin en einde is op die verhoog,my inspirasie ook. Ek sal net werk solank ek op die verhoog kan verskyn.

LM : HOE VOEL JY DAAROOR OM AS 'N IKOON BESKRYF TE WORD ?

LR : Jy sê ek is 'n *ikoon,* maar ek is net so onseker as enigiemand anders , mens werk jou morsdood om te *please*. Mense het in elk geval al dikwels 'n vooraf opinie oor jou gevorm maak nie saak wat jy doen nie. In die afgelope paar jaar het ek darem begin leer om komplimente te assimileer , die goeie reaksie wat my kant toe kom te sien as iets wat my voed, dis die krag wat gehore my gee. Alhoewel ek dankbaar is vir die erkenning steur ek my min aan beskrywings soos "ikoon " ek bly maar net altyd op die werk konsentreer.

LM : EK ERVAAR JOU AS IEMAND WAT GESTELD IS OP HAAR PRIVAATHEID .HOE BEHOU IEMAND WAT VOLKSBESIT IS DIT ?

LR : Dwarsdeur my loopbaan het die publiek my nog net met deernis , goeie maniere en opbouendheid behandel , maar ek gaan soos 'n moederhen tekere as my gesin in die gedrang kom. Ek het die beroep gekies, hulle nie. Ek dink my persoonlikheid het iets te doen met die persepsie van privaatheid. En ook met hoe ek die kalklig hanteer, as jy mense met respek hanteer , sal hulle dit weerkaats. Ek is geensins 'n afgetrokke kluisenaar nie, maar in my privaatheid kom ek as mens ten beste tot my reg.

LM : MET WIE OMRING JY JOU ?

LR : My gesin – Chris (Torr) my man, my kinders Simon en Nina ,my goeie vriende en kollegas.

LM : 17 ALBUMS LATER, LYK DIT OF JY DIE EEN NA DIE ANDER *HITSONG* HET , WAT MAAK 'N *HITSONG* ?

LR : In my genre is dit moeilik peilbaar. Mens weet nie altyd nie. Ek skat die kombinasie van die emosionele waarde in 'n liedjie, asook die tydstip waarin dit vrygestel word – m.a.w dat dit assosiatief is , het baie daarmee te make. Alle liedjies is ook nie onmiddelik 'n *hit* nie, dikwels groei dit op 'n gehoor. "*Stuur groete aan Mannetjies Roux "* was ses maande op die rakke voor dit *hit*status bereik het, my

eerste treffer "*Kinders van die Wind* " in die laat swentiger jare was onmiddelik suksesvol, so ook "*Jy is te dierbaar* ".

LM : HOE KIES JY 'N LIEDJIE, WANT JY SKRYF NIE SELF NIE.

LR : Chris skryf deesdae baie van my liedjies , maar hy skryf ook vir ander kunstenaars. En wat die keuse betref : Martin Locke – destydse hoof van Gallo records het vir my gesê : "*Each song on an album must have impact "* ek sit nooit weggooi liedjies op my albums nie. Die emosionele middelpunt van 'n lied moet krag hê. Instink , *gut* reaksie lei my .

LM : VERTEL MY VAN DIE NUWE ALBUM EN DVD

LR :" *My ou Tante Koba",* die nuwe album is 'n toonvenster van my spesifieke styl – eenvoud , die lied word eerste gestel en gekomplimenteer met stem orkestrasie. Wonderlike musikante werk saam met my , en Peter Mclea was die musiekregisseur . Die musiek wissel tussen nuwe komposisies soos die titelsnit "*My ou Tante Koba* "'n nuwe liedjie deur Chris en "*Ek roep jou naam* "deur Wouter van de Venter , tot "*Stille waters* (ook Chris) tot *Onder jou asem* van Riku Lätti , dan ook "*Over the hills and far away "* (ook Chris se komposisie) na "Lord of the dance "(deur komponis Sydney Carter) *Skimme (*Koos du Plessis) om maar 'n paar te noem. Op publieke aandrang is 'n paar van my ou bekende liedjies varsgemaak soos *Die mense op die Bus* en *Die ballade van Jokob F. De Beer* .
Daar is twee multimediasnitte ook by wat versoenbaar is met standaard rekenaars. Die dvd "*Kom laat ons sing -'n musikale reis van Laurika Rauch*- 'n Dokumentêr " (ons het in 2002 die Kyknet Reeks onder regie van Johan Badenhorst opgeneem) is die storie en geskiedenis van Afrikaanse ligte musiek – 'n monumentale taak! Ons gaan haal die musiek daar doer ver vanaf Al Debbo tot die nuwe generasie. Ek het ou vrinne en kollegas genooi om saam te werk –: Coenie de Villiers, Karen Zoid , Koos Kombuis, Amanda Strydom, Anton Goosen, Valiant Swart,Jannie du toit , David Kramer , Johannes kerkorrel, Pieter-Dirk Uys en Mimi Coertse en Mynie Grove word deel van die twee en 'n halfuur dokumentêr.

LM :WEG VAN DIE WERK , WAT LAAT JOU LAG EN ONTSPAN ?

Ek en Amanda Strydom kan lekker saamlag. S*lapstick* maar ook *deadpan* humor prikkel my. Ek hou van die geselskap van diegene wat slim- snaaks is.
Vir ontspanning lees ek graag – veral fiksie en biografieë.

Van koorlid in wyle Hannes Uys (Pa van Pieter-Dirk) se beroemde koor na dramastudent na aankoper in 'n klerewinkel na aktrise na Volksdiva . Laurika se pad na sukses was lank en hard , maar een ding is seker – haar vernuwende geaardheid maak haar 'n intelligente, begaafde geskenk aan 'n internasionale luisterpubliek wat nooit genoeg van haar sal kry nie. En om haar vas te vang in een beskrywing is onmoontlik – miskien net dit –Laurika is die sekure ysterhand in die sensitiewe fluweelhandskoen .